

Moedertaal is 'n speelbal

Die webtuiste Afrikaans.com het ná afloop van Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie 'n nuwe moedertaalonderrigblad bekend gestel. **Alita Steenkamp** skryf waarom moedertaalonderrig steeds jou kind se beste kans op sukses is.

Moedertaalonderrig word hewig in Suid-Afrika gedebatteer sedert die inwerkingtrekking van die Grondwet wat 11 ampelike tale in ons multikulturele land erken. Die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het om onderrig te word in die taal van hul keuse aan openbare onderwysinstellings waar dié onderwys haalbaar is.

Plaaslik het Afrikaans.com 'n interaktiewe lekkerlees moedertaalonderrigblad bekend gestel.

Maar hoe word moedertaalonderrig omskryf? Die definisie deur dr. Tove Skutnabb-Kangas, 'n Deense opvoedkundige en linguïst wat haar lewenslang vir die regte van minderheidstale beywer het, lui dat moedertaal die taal is wat jy eerste geleer het, wat jy die beste verstaan, wat jy die meeste gebruik, die taal waarmee jy identifiseer en die taal waaraan ander jou as 'n moedertaalspreker verbind.

Christien Nesor, 'n spraakterapeut, sê daar is veral vier voordele van moedertaalonderrig: Moedertaalonderrig is die basis vir meertaligheid, behalwe in die geval waar die moedertaal Engels is; daar is 'n groter intimiteit tussen moeder en kind en groter intimiteit in die gesin waar met die kind in die moedertaal gekommunikeer word; kinders brei hul breine beter en vinniger uit as hulle meertalig raak; en kinders wat in hul moedertaal grootword en onderrig word, het 'n beter idee van 'n eie identiteit.

“Mense is bekommerd dat hulle die kind sal benadeel as hulle die moedertaalroete kies, maar 'n moe-



Kinders wat in hul moedertaal onderrig word, het 'n groter kans op sukses, sê prof. Wannie Carstens. Foto ter illustrasie

dertaal, hetsy Afrikaans of enige minderheidstaal, is 'n biële van 'n geskenk wat jy jou kind gee. Benewens al die voordele het meertaliges ook meer empatie met andertaliges en dis 'n waarborg vir groter harmonie in ons multikulturele samelewing. As ek my eie kultuur respekteer, respekteer ek ook dié van ander, veral van minderheidskulture.”

Reine onsin

Die anti-apartheidsaktivis wyle dr. Neville Alexander het in 2006 die volgende oor die onderwerp gesê: “'n Bewustheidsveldtog is nodig om die publiek te laat besef dat hulle elkeen met 'n goue gawe – hul moedertaal – toegerus is en dat die behoorlike gebruik daarvan een van die sleutels tot hul eie en ons almal se maatskaplike vooruitgang is. Veral moet hulle besef dat moeder-

taalgeskoeide tweetalige onderwys die beste manier is om hul kinders sowel Engels as 'n deeglike kennis van hul moedertaal te leer.”

Van hierdie droom van Alexander het nie veel gekom nie. Die kwessie van moedertaalonderrig word tans as 'n politieke speelbal ingespan.

As 'n organisasie soos Unesco en geleerdes oor die wêreld die noodsaaklikheid van moedertaalonderrig insien, waarom nie ook in SA nie?

Prof. Wannie Carstens, hoof van tale aan die Noordwes-Universiteit, sê die antwoord is politiek van aard. “Die regering se duidelike voorkeur aan Engels as nasionale taal wys hoe gedink word. Engels is mos die maklike opsie, want dan is ‘almal mos gelyk’. Hierdie selfde redenasie is gebruik in die prosesse om die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van die Vrystaat se pri-

mêre taal Engels te maak. Dis gewoon reine onsin. As jy sien hoe skole en universiteite sigbaar verengels, en hoe die moedertaalskole afneem, dan spreek die werklikheid vanself. Ons sal aktiviste moet word om die tendens om te swaai.”

Carstens, 'n beskermheer van Afrikaans.com, is opgewonde oor die feit dat daar op hierdie webtuiste nou ook spesiaal aan die kwessie van moedertaalonderrig aandag gegee word. Hy hoop dat hierdie blad toenemend die ruimte sal word waar mense oor hierdie belangrike saak kan debatteer.

Hartstaal

Anastasia de Vries, joernalis en lektor aan die Universiteit van Wes-Kaapland, sê haar pa was Afrikaanssprekend, maar dit was Afrikaans wat hom diep verwond het.

Hy wou dus hê dat sy kinders Engels moes grootword. Tog was Ravensmead, die plek waar sy grootgeword het, oorwegend Afrikaanssprekend en Afrikaans in sy volheid het hul huis- en gemeenskapstaal geword.

“Afrikaans is steeds my voorkeurstaal, hartstaal, omdat dit die taal is waarin en waardeur ek onthou dat ek hier hoort, in ons Afrikaland.”

In die lig van navorsing wat keer op keer bewys dat jy in jou eie taal net soveel beter dink, doen en presteer, bly dit moeilik om te glo dat ouers verkies om hul kinders in 'n taal wat nie hul eie is nie te laat onderrig.

Carstens sê hy sal graag die dag wil sien dat ons in ons land die patroon daarstel dat moedertaal eerste kom, en dan minstens twee ander tale daarmee saam.

“Ouers moet weet dat hulle bepaal hoe hul kinders op skool vaar deur te kies in watter taal hulle onderrig word. Dink net aan die aantal kinders wat in Engels moet skoolgaan en dan ontsettend sukkel om die nodige vaardighede te verwerf wat hulle nodig het om in die lewe te kan presteer. Gewoon omdat die moedertaal verplaas moet word deur 'n vreemde taal. Kies dus die moedertaal, want jy gee jou kind die beste kans op sukses.”



■ Steenkamp is 'n skrywer, kursussamesteller en -opleier